

handwerk

een-twee-drie-vier PLEKMATJES



Van 'n plekmatjie na 'n dubbele loper. Met dié tafelkleed is die tafel altyd vir die onverwagte gas ook gedek. Verwerk deur Linda van der Spuy

Hier is die tafel gedek vir vier mense. Opvallende kleursamestellings maak dit modern en byderwets. Klein foto: Drukkertjies word gebruik om die tafelkleed aanmekaar te sit.

Afmetings

Gemaak vir 'n tafel van 80 X 140 cm.

Die plekmatjies hang sowat 15 cm oor die tafelrand en oorvleuel 2,5 cm in die middel.

Pas die mate aan vir u eie tafel deur die bogenoemde mate in te reken. Meet dit af met behulp van stukke papier en sny die plekmatjies daarvolgens.

Benodigdhede

Kies goeie wasbare, stewige katoen- of linnemateriaal in 3 verskillende kleure. Maak seker dat die materiale van dieselfde gehalte en dikte is, anders gaan die tafelkleed skeef trek. Gebruik kleure wat by u eie kleurskema inpas.

Middelstuk: 50 X 50 cm-materiaal in 'n neutrale kleur of in eie kleurkeuse

Kort systukke: 2 stukke 47,5 X 50 cm-materiaal in olyfgroen of in eie kleurkeuse

Lang systukke: 2 stukke 77,5 X 50 cm-materiaal in blou of in eie kleurkeuse

Naaldwerk gare in bypassende kleure
20 X 12 mm-deursnee ringdrukkertjies

Aanwysings

Stik 'n 2,5 cm-soom met 'n eweredige stiklyn om al 5 materiaalstukke. Werk die hoeke skuins af aan die onderkant van die plekmatjies.

Verdeel 5 drukkers eweredig aan elk van die 4 kante van die middelste 50 X 50 cm-materiaalstuk. Plaas die drukkers sowat 4 cm vanaf die hoeke. Slaan dit aan die regte kant van die materiaalstuk vas.

Slaan die ander helfte van die drukkers aan die verkeerde kant van die 4 systukke se 50 cm-rande vas. □

foto John van Groenendaal/Margriet/VNU Sindikaste

